# ELFDE JAARVERGADERING VAN DIE TRANSVAALSE AFDELING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die elfde Jaarvergadering van die Transvaalse afdeling van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika is op 24 September 1966 te Roodepoort gehou. Die Jaarvergadering is voorafgegaan deur Geskiedenis-parades en die uitstalling van oudhede van 10 - 17 September te Westonaria, Randfontein, Krugersdorp, Krugersdorp-Wes, Roodepoort, Florida en Newlands. Reeds op Vrydagaand, 23 September, het dr. P. J. Meyer, Direkteur van die S.A.U.K., die opening van die Jaarvergadering waargeneem. Dr. Meyer se openingsrede verskyn elders in hierdie uitgawe. Die verrigtinge van die Vrydagaand is opgeluister deur 'n streekskonsert bestaande uit koorsang, praatkore en historiese tablo's wat aangebied is deur hoër- en laerskole van Roodepoort en omgewing. Nie alleen het elke item skitterend ingepas by dié geleentheid nie, maar ook getuig van deeglike afrigtingswerk.

Die hoofspreker by die Jaarvergadering op 24 September, was prof. M. C. Smit van die Vrije Universiteit van Amsterdam. Prof. Smit het verklaar dat hoewel daar 'n mate van algemene onverskilligheid teenoor geskiedenis in Wes-Europa aangetref word, die toestand in Nederland veel meer bemoedigend is. Aan die Nederlandse Universiteite neem Geskiedenis 'n belangrike plek in, terwyl daar in die algemene omgang, 'n lewendige belangstelling in Geskiedenis bestaan.

Ten opsigte van die akademiese studie van Geskiedenis, is daar in die afgelope twee jaar belangrike wysigings aangebring sonder dat daar 'n verlaging van standaard plaasgevind het.

By Universitêre studie word vereis dat die hele geskiedenis geken moet word. Hier word ook nie voorkeur aan moderne geskiedenis gegee nie, maar vind die volgende verdeling plaas: 'n derde vir die oudheid, 'n derde vir die Middeleeue, 'n derde vir die moderne geskiedenis. Die rede vir hierdie verdeling is omdat die skole dit vereis en om die moderne geskiedenis te verstaan, is 'n kennis van die oudheid en die middeleeue gebiedend noodsaaklik.

Daar is 'n duidelike waarneembare vermeerdering in die „werkkolleges" m.a.w. referate wat gedoen word. Die doel hiervan is om wetenskaplike metodes aan te leer. Aanvanklik word die referate uit handboeke gedoen. Nog 'n kenmerk is dat die geskiedenis in die diepte ontgin word en nie in die breedte nie, m.a.w. 'n enkele probleem word intensief gedoen en nie 'n hele tydperk nie.

Na die kandidaatseksamen (voorgraadse studie) word die doktorale gedeelte aangepak. Nou is die werksopdragte baie moeiliker en word dit ook nie meer uit handboeke gedoen nie.

Prof. Smit het verklaar dat van die afgestudeerdes meer as die helfte 'n heenkome in die onderwys vind. Sommige word opgeneem in die diplo-

matieke diens terwyl koerante 'n groot aantal studente — veral as buitelandse korrespondente — in diens neem. 'n Nuwe neiging in Nederland, is nl. die feit dat die Staatsdiens al meer gebruik maak van dié afgestudeerdes.

Verder is daar nog twee verblydende verskynsels nl. dat waar daar na die Tweede Wêreldoorlog pogings in die Onderwys aangewend is om die geskiedenisonderrig in skole te verminder, daar egter 'n kentering hier ingetree het. Tweedens dat die algemene publiek meer begin belangstel in die geskiedenis en dat hierdie verskynsel aangetref word in kringe waar dit nie te wagte is nie. Veral onder tegnici, medici en by die jeug wen die geskiedenis veld. Daar is selfs historiese verenigings opgerig deur die jeug en historiese tydskrifte word uitgegee.

Prof. Smit het verder verklaar dat daar by die beoefening van die geskiedenis, 'n voortdurende klem verskuiwing plaasvind: By die antieke het die Romeinse Ryk as die middelpunt van die geskiedenis, die meeste klem ontvang; in die Christelike era is die wêreldgeskiedenis in die kader van die heilsgeskiedenis geplaas; in die tyd van van Hervorming en Teen-Hervorming het die klem geval op die plek van die Kerk in die geskiedenis; die Humanisme het die klem laat val op die staat en die vors terwyl God op die agtergrond geskuif is. Die mens het die geskiedenis beheer; in die tyd van die Verligting is die sekularisering van die geskiedenis nog verder gevoer en staan die mens self weer op die voorgrond; terwyl in die 19de eeu die eis vanuit die moderne geskiedeniswetenskap gekom het dat die kritiese metode toegepas moet word. Von Ranke was die grondlegger van hierdie idee. Die verfyning van die historiese metode, is gaandeweg vervolmaak en het aanleiding gegee tot spesialisasie in die tuisstudie.

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar egter 'n verandering gekom. Die klem het begin val op die deurlopende lyn in die geskiedenis. Die sintese het op die voorgrond getree. Dit bring 'n belangstelling vir die geskiedenis-filosofie en teorie van die geskiedenis mee. Vanuit die tuisstudie was daar dus 'n teruggryping na algemene probleme bv. objektiwiteit.

*Wat is die nut van geskiedenis?*

Prof. Smit het begin deur te sê dat dit 'n baie moeilike vraag is, omdat gevoel word dat geskiedenis te verhewe is om uit 'n nuttigheidsoogpunt gesien en ondersoek te word. Hierdie vraag hoort tuis in die ekonomie.

Vir die wetenskaplike ondersoeker van geskiedenis is die nut van die vak daarin geleë dat ons die mens leer ken. Waar kom hy vandaan, wat kom hy hier doen en waar gaan hy heen, is belangrike vrae vir die mens. Die vrae kan deur geskiedenisstudie beantwoord word. Die mens is nie te begrype sonder sy verlede nie. Die mens sonder geskiedenis, is soos 'n mens sonder geheue, is ontredderd en net so is die mens en die samelewing wat sonder geskiedenis is. Geen mens kan hom losmaak van die geskiedenis nie. Die mens moet dus krities bepaal wat gebeur het.

As ons die geskiedenis bestudeer, merk ons dat daar probleme in die verlede was wat feitlik soortgelyk is aan die teenswoordige, bv. wat is 'n regverdige oorlog? Met die bestudering van die probleme kry ons ook 'n beter insig in ons eie situasie. Geskiedenis is dus nie 'n versameling van feite nie, maar die verwerwing van wysheid.

Die Christendom het vanaf die begin die geskiedenis bestudeer omdat ons heil op 'n historiese gebeurtenis berus en realiseer in 'n historiese gebeurtenis. Die Christen kan dus die geskiedenis nie verwerp nie.

In die profane geskiedenis het daar ook sulke beslissende dinge gebeur dat ons die geskiedenis nie kan verwerp sonder om ons eie identiteit te verloor nie.

Prof. F. J. du Toit Spies het prof. Smit bedank vir die treffende referaat en daarop gewys dat dit opmerklik is dat die probleme wat in Nederland ondervind word t.o.v. Geskiedenis as vak, feitlik soortgelyk is as dié hier te lande.

Na 'n kort praatjie deur mnr. Wynne van Highlands North High School, wat elders in hierdie uitgawe verskyn, het die besoekers 'n versameling van oudhede gaan besigtig, waarna 'n besoek gebring is aan die terrein van die Jameson-oorgawe.